

***Populus x canescens***  
***Populus alba* var. *alba***

**Vaalpopulier of gryspopulier**  
**white poplar**

**grey poplar**

**abele**



**Digte stand van *Populus x canescens* (ouer bome agter) op gewese vleilandgebied, Melkrivierpad**

**Beskrywing:** *P. x canescens* is bladwisselend of immergroen, terwyl *P. alba* bladwisselend is. Albei groei tot 'n hoogte van tot 25m en groei sterk uit wortelsuiers. Beide spesies het grys of wit bas, wat verdonker met ouderdom en met donker horisontale strepe gemerk is. Blare is donkergroen en blink aan die bokant, gryswit, dikwels wollerig aan onderkant (soms groenerig in *P. alba*). Die blare van suierlote en lang lote is groot, driehoekig en ewe getand, wollerig aan die onderkant; die van kort lote is kleiner en stomp getand. Die vrugte is of rooierige, 60mm lang katsterte aan die manlike boom (*P. x canescens*); of geelgroen katsterte aan die vroulike boom (*P. alba*). Geeneen van die spesies dra vrugte of sade nie (albei hibriede), maar ontwikkel sterk suierlote wanneer afgekap dit word. Volwasse bome lewer goeie kwaliteit, ligpienk hout, andersins bekend as "cottonwood".

**Oorsprong:** Van die 30 populierspesies, afkomstig van die Noordelike halfrond, kom vier uitheimse spesies in Suid-Afrika voor en twee hiervan in die Waterberg. Populiere is aanvanklik gevestig om hout vir vuurhoutjies te verskaf. Vroeë setlaars het die suierlote gebruik om dongavorming te keer. Dit word vandag as meubelhout gebruik (met hout soortgelyk aan geelhout).

**Voorkoms:** Alhoewel albei spesies in die Waterberg voorkom, is *P. x canescens* die volopste, veral in vleie, rivieroewers en langs waterweë, waar hul digte, homogene stande kan vorm. (Suierlote groei uit wortelsuiers van die basis van die boomstam, nadat dit afgekap of beskadig is). Hulle kan dan in die omliggende veld versprei.

**Waarom is hul 'n probleem:** Hierdie uitheimse indringerspesies veroorsaak die verdringing en uioeiing van inheemse spesies. Soos bloekombome en wattels, lei hul tot die verstikking en opdroging van waterweë en kan lei tot ernstige brandgevaar wanneer die stand dig is. Albei spesies wat in die Waterberg aangetref word, is as indringers (Kategorie 2) verklaar.

**Uitroei-/Beheermetodes:** Populiere is moeilik om meganies te beheer, omdat suierlote maklik vorm. Groot bome moet geringeleer of afgekap word en die *hele wortelstelsel* moet verwyder word.

Geen onkruidodders is geregistreer vir toediening op *P. alba* nie. Vir *P. x canescens* is die volgende onkruidodders geregistreer vir die behandeling van afgekapte stompe:

- Imazapyr 100 g/l SL (verdun 500 ml in 10 l water): **Arborex** (L8777); **Chopper** (L3444); **Hatchet** (L7409)
- Picloram 240 g/l SL (verdun 200 ml in 10 l water en voeg 50 ml mineraal olie by): **Access 240 SL** (L4920); **Browser** (L7357)
- Triclopyr 360 g/l SL (verdun 600 ml in 10 l water en voeg 50 ml mineraal olie by): **Timbrel 360 SL** (L4917); **Lumberjack 360 SL** (L7295)

Alle onkruidodders moet vroeg in die groeiseisoen toegedien word. Neem kennis dat alle onkruidodders toegedien moet word nadat dit vars gemeng is (mag nie oornag laat staan nie).

**NB: Volg die instruksies op die onkruidodderetiket noukeurig.** Baie onkruidodders kan giftig wees vir ander plante en/of wilde of mak diere indien nie korrek toegedien nie. (Verkeerde gebruik van onkruidodders is 'n kriminele oortreding in terme van Act No. 36 van 1947).

#### **Bronnelys:**

ARC-LNR Weeds & Invasive Plants website: [www.agis.agric.za/wip](http://www.agis.agric.za/wip)

ARC-LNR SAPIA News No.28, April 2013 ARC – Plant Protection Research Institute, Pretoria. [www.arc.agric.za](http://www.arc.agric.za)

Bromilow, Clive (2010): *Problem Plants and Alien Weeds of South Africa*. Briza. Pretoria.

Schmidt, Ernst, Mervyn Lotter & Warren McClelland (2007): *Trees and Shrubs of Mpumalanga and Kruger National Park* (2<sup>nd</sup> Edition). Jacana, Johannesburg.

Henderson, Lesley (2001): *Alien Weeds & Invasive Plants*. Agricultural Research Council (ARC), Pretoria.

Van Zyl, Kathy, (compiler) (2005): *Control of Unwanted Plants*. Xact Information, Pretoria.

Van Zyl, Kathy, (compiler) (2012): *Problem Plant Control Compendium*. AVCASA, Midrand [info@croplife.co.za](mailto:info@croplife.co.za)

Spesiale dank aan **Dr Gerhard Verdoorn** van Griffon Poison Information Centre, aan **Mr Ferdie Jordaan** van Arysta Lifescience en aan **Ms Lesley Henderson** van ARC vir hul waardevolle advies en leiding. Hul entoesiastiese ondersteuning van hierdie vrywillige projek word opreg waardeer.